Geleentheidsrede

# "Die ou-ou storie, wat baie ver terug begin het ..." Gedagtes oor literatuurstudie en menswetenskap[1]

Elize Botha
Voorsitter Letterkundekommissie
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Die woorde *verandering* en *vernuwing* het, veral en in toenemende mate in die afgelope twee jaar, leimotiewe geword in ons daaglikse diskoers hier te lande. Dit skep opwinding, verwagting, hoop; dit bring ook angs mee, en onsekerheid. Daar is dikwels ook verwarring: vir alle gebruikers van die woorde *verandering* en *vernuwing* is die betekenis daarvan lank nie dieselfde nie; ons moet voortdurend leer, in hierdie tyd, om woordbetekenisse fyn te weeg en te oorweeg, en om sprekers én hul intensies in berekening te bring by die ontsyfering van hul boodskappe.

En ons bevind ons juis in 'n wêreld waarin 'n soms onontwarbare veelheid van stemme by ons aandring om gehoor te word; soms, kan 'n mens feitlik sê, is dit asof ons met die grootste inspanning êrens 'n bietjie stilte moet kap uit 'n ruim wat van krete weerklink.

Tog is daar één woord, één begrip wat inderdaad 'n middelpunt vorm in die woordewarreling van ons tyd: die woord *mens*, wat geen eenvoudige begrip is nie – Elisabeth Eybers "spel moeisaam aan die kort sillabe 'mens'" – maar wat juis in al sy kompleksiteit dringend en durend die aandag vra.

Hoe gevaarlik 'n vereenvoudiging ook al is: as ons vir 'n oomblik wegkyk van hierdie suidpunt af oor ons groot kontinent heen na Europa, na die wêreld! dan kan ons stellig van al die opspraakwekkende veranderinge wat in die jongste jare wêreldwyd voltrek is, of in proses van voltrekking is, sê: die mens, die onvervangbare enkeling, en nie sisteme, en ideologieë van gesiglose massas nie, het sy reg om 'van geweet te word' begin opeis.

1 Rede gehou by geleentheid van 'n gradeplegtigheid van die PU vir CHO op 24 April 1992.

Het dit iets te doen, enersyds, met die opkoms van massa-media, televisienuus en joernaalprogram, foto-artikels in populêre tydskrifte, dat die mens se aanspraak om aandag vir sy unieke menslikheid 'n *gesig* kry in ons tyd? Het dit iets te doen, andersyds, met die uitdrukliker klem op *menseregte*, en op alles wat in die dampkring dáárvan omtrent die verwikkeldheid en enigheid van die mens self bekend word?

Die opmerklike is, so kom dit my voor, dat dit juis die *lydende* mens is wat ons sien in die skerper lig wat op hom val; dat dit juis vir die lyding van die mens is dat die aandag van kyker, leser en hoorder in ons tyd gevra word: die arme, die sieke, die bedroefde, die bedreigde, die gemartelde, die onderdrukte, die geskende, die beroofde, ja: die vermoorde. Die lydende, die brose mens, en in sy broosheid, die so kosbare mens.

"Dra saggies, vriende," sê die digter Ernst van Heerden in sy gedig wat oor ingrypende verandering in 'n menselewe handel, "Aan die verhuisingsmanne":

Dra saggies, vriende,
want sierpotte en erdewerk,
keurborde en fyn glas
sluit 'n hele lewe
met sy drome en verlangens in;
...
Dra saggies, gode,
want die hart se porselein
is broos en tot veel seer
en kwesbaarheid geneig:
die kratte van 'n lewe
kan so maklik breek.

Uit die lys wat ek nou net aan u voorgehou het, blyk nog 'n kenmerk van ons tyd: die paradokse en ironieë wat ons omgewe. Die lyding van die mens, as dit só 'gelys' word, is juis in soveel gevalle toe te skryf aan die onmenslikheid van mens teenoor mens; aan die ongevoeligheid van een mens teenoor 'n ander; die ontkenning van een mens van 'n ander se ruimte en reg. Want ons tyd ken nog 'n woord: *geweld* – die ontketening van *on*-menslikheid, wat juis dié hoopvolle toekomsverwagting en die drang na vernuwing en versoening, sodat die brose en kosbare mens in barmhartigheid en geregtigheid gekoester kan word, reddeloos ondermyn.

Paradokse en ironieë: die naasmekaarbestaan van onversoenbare sake, teenstrydighede, onvoorspelbare wisselinge van gesindhede, uitbarstings van boosheid wanneer ons in alles die goeie en regverdige wil nastreef.

Maar juis *dit* is óók: die mens. So staan hy beskryf oor eeue heen. Want: u het my herhaaldelik hoor praat van 'ons tyd', 'ons wêreld', asof ons hierdie plek en uur waarin ons leef as enig en eenmalig moet beskou. Wanneer ons egter die rol van hierdie verwikkelde verskynsel, die mens, in hierdie plek en uur betrag, dan weet ons, met D.J. Opperman se Jorik saam

> ... niks is in sy tyd en stof gesluit
> maar alles stroom deur grens en eeu aaneen.

Om die verskynsel *mens* te deurgrond, om "die kort sillabe 'mens'" te leer spel: is dit nie die hart van die besigheid van staatsman en huisvrou, as hulle hul onderskeie huishoudings ordelik en regverdig wil bestuur nie? Is dit nie die sleutel tot die oplossing van konflik en konfrontasies nie, om mekaar met 'n goeie gesindheid, met welwillendheid, ja, te benader maar veral: deur ywerig te probeer om mekaar te *begryp*?

Begrip vir die mens, vir die menslikheid van die mens, sy moontlikhede en sy perke, en hoe sy so dikwels strydende eienskappe, weldeurdagte sisteme en ordeninge kan ontkrag, ideologieë kan ondergrawe (én kan vervang met nuwe ekstremiteite, nuwe dwaashede) – oordryf ek as ek sê dat dít die eenvoudigste en mees gesofistikeerde werkinge van wat 'n *samelewing* heet, wesentlik rig?

"Ek wil van geweet wees, Ma," sê die arme, mooie Tiemie-meisie in P.G. du Plessis se *Siener in die suburbs*, "ek wil nie vrek soos 'n hond nie, ek wil van geweet wees ..."

*Moet* van geweet wees, sou ek aanpassend en toepassend wou sê, en dan verder, in 'n ander toonaard: vir alle bestuurders, bestuurders van verandering, bestuurders tot verkryging van vrede, van maatskaplike orde, van werkgeleenthede, lewensmiddele, van welvaart dus, word die menswetenskappe, 'die weet van die mens', deur vele denkers en skrywers van die kronieke van ons tyd, van kardinale belang geag.

Dit is so, dat navorsingsopnames 'n wanbalans uitwys tussen die besteding aan geesteswetenskaplike navorsing en navorsing in die natuurwetenskappe; dat die aantal graduandi in die geesteswetenskappe in ons land hoog is, en dat dié in ingenieurswese, byvoorbeeld, kommerwekkend laag geag word, gesien die besondere en dringende behoeftes van ons samelewing. My verhaal vandag wil nie dié stand van sake beredeneer nie; my verhaal wil, ook in die terminologie van ons tyd, 'n aangroeiende betoog steun vir grensoorskryding, vir die afbreek van mure

tussen wat C.P. Snow die twee kulture, dié van die geestes- en dié van die natuurwetenskappe, genoem het, maar ook tussen die verskillende geesteswetenskaplike dissiplines onderling.

In die idioom van die veranderinge wat besig is om in ons Suid-Afrikaanse samelewing voltrek te word, word eksklusiwiteit deur inklusiwiteit oorstem, en daarin blyk die deinings van 'n groter golfslag in ons 20ste-eeuse denke: die holistiese perspektief wat ook 'n Suid-Afrikaanse gehalte het – genl. J.C. Smuts se *Holism and Evolution* wat vir die eerste keer in 1926 deur die firma Macmillan in Londen gepubliseer en in 1987 in Kaapstad deur N & S Press herdruk is, spreek nog daarin mee. Hierdie inklusiwiteit beteken nie 'n poging om verskille, diversiteit te demp of te verdoesel nie, maar 'n strewe na akkommodasie, ontmoeting. So ook in die pleidooie vir interdissiplinêre benaderings in ons universiteitskurrikulering. Onlangs het prof. S. Griffioen van die Vrije Universiteit van Amsterdam in 'n openbare voorlesing by Unisa van projekte van dié aard gepraat wat aan die V.U. onderneem word – projekte waarby Antropologie en Ekonomie, Filosofie en Ekonomie, Informatika en Sielkunde onder andere betrek word, om "beyond traditional disciplinary boundaries" te beweeg. Hierdie kurrikulering- en navorsingsbenadering kan nuwe moontlikhede open vir 'n wyer, dieper wéét van die mens.

Maar in die kultuurskeppende aktiwiteit van alle gemeenskappe ter wêreld is daar één soort besig wees met die mens wat wetenskaplik betrag kan word of binne aldagsaktiwiteit verbruik kan word. Dit is die maak van stories en verse, om gehoor of gelees te word; die verbeelde uitspeel van menslike ervaring as drama om gesien en gehoor te word; dit is die literatuur. "Wat is die skryfkuns vir u?" is eenmaal aan die skryfster M.E.R. in 'n radio-onderhoud gevra. En sy het geantwoord:

> Dit is nuuskierigheid, om uit te vind ... Kyk, jy het die aktiwiteit van skepping; jy skep met jou hande; of jy probeer uitvind waarom daar skepping is, jy ondersoek; dit is alles deel van die lewensmetode om uit te vind wat die lewe eintlik beteken: waaruit dit gekom het, waarheen dit gaan. Elke mens het dié nuuskierigheid, dink ek, in een of ander vorm. Ek dink baie min is bewus daarvan, maar ek dink ons het dit almal. Dit is 'n vorm van lewe, dink ek. Nou, om by die skrywers te kom: ook hulle ondersoek verskillende rigtings wat vir hulle duidelikheid sal gee – byvoorbeeld, jy kry dié wat die wetenskap ondersoek, jy kry dié wat die kunste ondersoek; en dan het jy die ondersoek met behulp van die ou-ou storie, wat baie ver terug begin het ... Ek dink die hele ding, waarom 'n skrywer skryf of waarom 'n skrynwerker 'n kis maak, of waarom 'n skipbouer 'n skip bou, is alles 'n antwoord op die begeerte van aktiwiteit, van lewe ... Dis maar dit, sover as ek kan sien ...

> ... die ondersoek met behulp van die ou-ou storie, wat baie ver terug begin het ...

Deur hierdie aktiwiteit is ontelbare fasette van die mens, deur duisende jare heen, vertellend, rymend, beeldend ondersoek, en, vir sover die storieskat van die mensdom opgeteken is, geboekstaaf – 'n skat van 'weet van die mens'.

Sal u my vergun om, as voorleser van beroep, aan u 'n voorbeeld voor te hou? (Soos met alle liefdes, word ook in die voorlees van geliefde literatuur vir mekaar, die liefde vermeerder deur dit te deel ...)

Karel Schoeman se roman, *'n Ander land* van 1984, vertel 'n verhaal van 'n gebeurereeks wat 'n 100 jaar tevore sou kon afgespeel het in die dorp wat Bloemfontein was in die tyd van president Brand. Die historiese dimensie van die roman is sorgvuldig gerekonstrueer, soos 'n leser van die navorser/inligtingkundige Karel Schoeman geleer verwag het, wat in talryke publikasies die geskiedenis van die Vrystaat, sy mense en sy dorpe, opgeteken het. Maar die historiese word hier deur die skeppende verbeelding van die skrywer opnuut in beweging gebring deur 'n besondere lotgeval, dié van 'n Europeër, Nederlander, wat deur sy geneeshere aangeraai word om na die droë klimaat van Afrika te kom om van sy longkwaal te genees. Dodelik uitgeput van die lang reis kom die man, Versluis genaamd, in Bloemfontein aan as 'n eenselwige en afsydige vreemdeling. Natuurlik ervaar hy sy verblyf as bloot tydelike maatreël: hy sal gesond word, hy sal teruggaan na die geordende, kultuurversadigde Europese stadswêreld. Langsamerhand dring dit tot hom deur: hierdie Afrika-aarde, hierdie 'ander land' is sy eindelike bestemming, hy sal met hierdie aarde één word.

Só lui die laaste paragraaf van die roman:

> Eens toe hy hier gekom het, eens in 'n ander tyd toe hy hier nog vreemd was, afsydig van die land waar sy oponthoud, soos hy gemeen het, slegs tydelik sou wees – eens het sy wandelinge hom saans na die rand van die dorp geneem, en dan het hy daar geaarsel, huiwerig teenoor die landskap wat voor hom oopgevou lê, onbekend en onverkenbaar, en onverklaarbare angs het hom by die aanskoue van daardie leegheid gevul. Maar daar is geen rede vir angs nie, dink hy ... daar is niks om te vrees nie. Die leegheid neem jou op en stilte omsluit jou, nie meer vreemde groothede om van oor 'n afstand onbegrypend te betrag nie; die onbekende land word vertroud en die deurganger onthou nie meer dat dit eens nog sy bedoeling was om verder te reis nie. Halwerweë op die pad ontdek jy effens verras dat die reis voltooi is en die bestemming reeds bereik (bl. 213).

Die leser van hierdie roman deel die pyn, maar ook die katarsis van die mens wat sy stoflikheid moet leer aanvaar. Hy lees daarby 'n stuk Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar nie net van die laat negentiende eeu in Bloemfontein nie: inderdaad 'n vertolking van die Europeër se koms na die suidpunt van Afrika om dit te gebruik as verversingspos vir die gesondmaak van siek matrose, as tydelike verblyf vir die verkryging van welsyn en welvaart, om dan eindelik te besef dat dit geen

deurgang is nie maar 'n bestemming. Dit is 'n ondersoek van die versoening van strydige en vreemde dinge, om te leer aflê en uit jou afsydigheid te tree en die vreemdeling te omarm omdat hy, soos jy, sterflik is en 'n onuitspreeklike behoefte het aan medemenslikheid, aan genade.

T.S. Eliot, Nobelpryswenner van vyftig jaar gelede, het van die werkwyse van die digter as "the ordering of experience" gepraat, en van die parallellisering van hede en verlede deur gebruik van die mite as "a way of controlling, of ordering, of giving a shape and a significance to the immense panorama of futility and anarchy which is contemporary history".

Ek lees in 'n redakteursnota oor wetenskapsbeoefening op die voorblad van die RGN se *In Focus* van Desember 1991:

> Knowledge is based on this continuous interaction between the daily experience of Everyman ... and his efforts to find a meaningful, coherent pattern, in terms of which the chaotic flux of life can be interpreted.

Die ondersoek met behulp van 'n storie, soms 'n ou-ou storie; die ondersoek met behulp van die mees verfynde metodes op die voorposte van die wetenskap – geesteswetenskap, natuurwetenskap: so ontmoet hulle in 'n enerlei strewe.

Want is ál ons bemoeienis om te weet ten slotte nie 'n poging om 'n *verhaal* te probeer deurgrond en te vertolk nie: soos dit in 'die dink' van die jong seun in N.P. Van Wyk Louw se groot gedig "Beeld van 'n jeug: Duif en perd" deurgedring het –

> omdat die aarde en elke aardgebeurtenis
> en die son self, en tot die verste ster,
> tesame net een groot vertelsel is
>
> oor Hom en ons, en deur Hom self vertel –
> vol beeld, prefigurasie, voorbereiding
> op een voleindigende slot –
> en, dat in elke eeu die – laaste ding
>
> verwysing na Hom was, deel van sy Naam ...